# HOOFSTUK III.

## ADAMSON EN LEERPLANOPSTELLING.

### 1. ADAMSON SE OPVATTING.

Die opvoeding en die lewe is volgens Adamson 'n proses van aanpassing[1] en die leerstof die middel om tot aanpassing aan die drie wêrelde, t.w. die natuurlike, die kulturele en die sedelike te geraak. Hierdie leerstof moet egter op grond van die geskiktheid daarvan om aanpassing te bevorder, te oorbrug of te versnel gekies word. Omdat hy aanpassing as 'n bepaalde leefwyse[2] beskou, is dit vanselfsprekend dat dit so wyd as die lewe self moet wees en dat 'n omskrywing daarvan slegs in sy volste betekenis begryp sal kan word. Die leerplan as sodanig moet dientengevolge meer as die gewone voorgeskrewe leervakke inhou. Dit moet ook al die bedrywighede en ervaringe waaruit die skoollewe van die kind bestaan, insluit. Hierbenewens moet vakkeuse en -rangskikking, onderwerpkeuse en -rangskikking sowel as vakinhoud die aandag van die opvoeder geniet. Die keuse, organisasie en aanwending van die leerstof behoort die leerlinge se kennis, gewoontes, lewenshouding en beskouinge so te ontwikkel dat hulle daardeur beskaafder en edeler sal word.

Agtereenvolgens bepaal[3] hy dan hoe en waarom die leerstof uit die natuur, die kultuur en die etiek gekies moet word.

(a) Die natuur.

> "And yet nature should be the focus of the curriculum at the primary stage."[4]

1. Adamson: The Individual and the Environment, 1 tot 38.
2. Ibid, 10.
3. Ibid: (i) Die natuur: 39 tot 152; (ii) Die kultuur: 153 tot 296; (iii) Die sedelike: 299 tot 320.
4. Adamson: The Individual and the Environment, 62.

Aanpassing ten gevolge van die nodige kennis van die natuur moet deur eie ondersoek en navorsing soos volg geskied:

(i) Natuurkennislessies moet die verskynsels van die natuur verklaar;

(ii) Aardrykskundelessies moet die aarde as woonplek van die mens interpreteer;

(iii) Natuurkundige aardrykskunde moet aan die verskynsels van die aarde, die see en die lug betekenis gee; terwyl

(iv) die studie van die wetenskap, waar die self reeds sy subjektiewe waarneming vir objektiewe verowering verwissel het, die aanpassing aan hierdie orde moet voltooi.

(b) Die kultuur.

Deur eie ervaring moet die kind tot die kern of inhoudswaarde van hierdie wêreld deurdring, want -

> "..... the social organism has its existence within the experience of individuals <u>and</u> <u>nowhere</u> <u>else</u>."[5]

Hierdie orde bestaan nie, soos in die geval van die natuurorde, uit die konkrete of sigbare nie maar wel uit lewensnorme wat deur die verstand, die gevoel en die wil bepaal word, m.a.w. 'n subjektiewe lewenservaring. In die kinderkamer en die blomtuin sal die kultuurorde wel ook kan ontwikkel maar beswaarlik tot openbaring kom.

Wanneer die drang tot ondersoek sig begin openbaar moet die skool die kultuurweefsel, wat in die stadium inderwaarheid meer aangevoel as gewaardeer kan word, tot 'n groter werklikheid omskep.

Deur geskiedenisonderrig moet die kind langs die weg van eie ontdekking die staatkundige, maatskaplike, ekonomiese, nasionale en godsdienstige vesels van die samelewing opspoor en ontrafel. Taalstudie en beroepsvoorligting behoort die skolastiese leerstellinge van hierdie orde af te rond.

---

5. Adamson: The Individual and the Environment, 157.

> "..... every one must win by discovery and realisation, with the help of such educational direction as it is his good fortune to enjoy, his inheritance of participation in the social environment, if he is to win it at all."[6]

(c) Die sedelike.

Die sedelike wêreld kom deur persoonlike skeppingsdade tot stand.[7] Dis 'n wêreld van waardes.

> "In this sphere man is free .... The physical universe and the social universe he cannot escape; but the moral universe ..... will be the product of his own creation."[8]

Hier is persoonlikheid, karakter en verantwoordelikheidsgevoel van deurslaggewende betekenis.

> "No man can save the soul of his brother. Each must spin the moral web anew."[9]

met ander woorde -

> "(It) ..... is the world of eternity."[10]

Die aanvaarding of verwerping van lewenswaardes is hier heeltemal 'n persoonlike saak:

> "Until the fiat has been uttered with the whole weight of the individual behind it, the moral continuum does not exist for him."[11]

Omdat die sedelike juk egter deur eie wet vrywilliglik opgeneem en gedra word, is dit lig en daarom moet die belangrikste oogmerk van die opvoeding wees om by die individu 'n krag en lus te ontwikkel om uit eie oorweging sy lewe deur bepaalde sedelike waardes te verryk en te verruim.

Die wyse waarop hierdie sedelike waardebepaling

---

6. Adamson: The Individual and the Environment, 160.
7. Ibid, 3 en 299.....
8. Ibid, 301.
9. Ibid, 301.
10. Ibid, 15.
11. Ibid, 302.

geskied toon aan dat die leerstof as sodanig die aard van die leerplan bepaal:

> "..... he must create it and sustain it by continual acts of creation, i.e., by behaviour issuing from volition illumined by moral purpose."[12]

Hierdie orde bestaan dus uit 'n selfvinding waardeur die redelike, sosiale- en ideale-self van die enkeling deur vrywillige skeppingsdade tot ontplooiing kom.

> "Cognition is necessary to define it, feeling to give it constraining power, and volition to bring it into real effective being."[13]

Hoewel dit 'n produk van eie en vrywillige skepping is, bly dit tog 'n taak van die opvoeding om die denke, die gevoel en die wil van die indiwidu so te ontwikkel dat 'n sedelike voortbestaan daardeur verseker sal kan word.

Wat kan die skool tot die ontwikkeling van die verstands-, gevoels- en wilslewe van sy lede bydra? Met ander woorde hoe gaan empiriese kennis, instinktiewe en gewoontelike reaksies oor tot redelike insig, georganiseerde sentimente en wilsaksie?

> "There is general consensus of view that suggestion, sympathy and imitation are operative social forces which stimulate the individual on the cognitive, affective and conative side of experience respectively, and that the reactions of thought, feeling and behaviour which they evoke put the individual on the road which must carry him some way at any rate towards the goal of the moral continuum of his own."[14]

Die skool se ideale sal in die gevoelslewe van sy lede verweef raak en later as hulle eie nagestreef word. Die wilslewe wat aanvanklik deur gewoontelike gebruike beheer was, sal mettertyd deur sedelike groei selfstandige

---

12. Adamson: The Individual and the Environment, 309.
13. Ibid, 319.
14. Ibid, 338.

rigting vind om 'n redelike, sosiale en ideale rigting aan hulle lewens te gee.

Belangrike eienskappe wat die regte skoolomgewing vir hierdie ontwikkeling moet besit, is ongetwyfeld sy sedelike en godsdienstige doelstellinge.

> "It is by the character of its ideal and the strength of its devotion to it that a school must finally be judged."[15]

Die weg waarlangs Adamson sy leerlinge na hierdie lewensdoel wil lei is een van aanpassing aan die natuur, die kultuur en die etiek. In die geval van die eerste twee ordes moet die skool noodwendig van bepaalde leervakke en invloede gebruik maak, terwyl die derde orde van bestaande stelsels en lewenswaardes onder andere die gesonde, sedelike en godsdienstige doelstellinge van die skool afhanklik is vir die noodsaaklike en 'n nuttige aanpassing.

## 2. BEGINSELS EN TEGNIEKE VAN LEERPLANOPSTELLING VOLGENS ADAMSON.

Hiervolgens word vir die kind as 't ware geleenthede geskep om die drie wêrelde in die lig van huislike, skolastieke en gemeenskapswaardes te benader.

Die leerstof wat hy sodoende vir die drie ordes behoort te ontvang moet gekeur, georden en aan bepaalde beginsels en tegnieke beantwoord, sodat die beginsels waarop sy latere lewensbeskouing sal berus, juis daardeur vir hom van vormende waarde sal wees.

Wanneer 'n kind die skool vir die eerste keer bywoon, behoort sy voorskoolse kennis die uitgangspunt van sy onderwys te wees en behoort die leerstof so opgestel te wees, dat hy gevorm word en leer om hom aan te pas en om die leerinstrumente te beheer. Met hierdie vermoë sal hy

---

15. (i) Bompas Smith: The International Report on Moral Instruction and Training in Schools, Vol. 1, 134.
(ii) Adamson: The Individual and the Environment, 340.

dan deur middel van die kulturele vakke en die sedelike faktore die lewe en die wêreld van die goeie kan ingaan.

Laat ons die beginsels waarop Adamson se leerplanopstelling berus kortliks nagaan.

(a) Die beginsels van leerplanopstelling.

Die ontwikkeling van die vermoë om aan te pas geskied langsaam want dit is inderwaarheid die ontwikkeling van 'n lewensbeskouing. Die so bekende volksgetuienis: „'n Mens word nooit te oud om te leer nie," is ook van toepassing op die inhoud van die leerplan en die aanbieding daarvan. So lank soos die mens oor die normale gebruik van sy sintuie en vermoëns beskik, so lank moet die aard en wyse van leerstofaanbieding lewenswakkere reaksie ontlok. Met die oog op hierdie lewenslange aanpassingsproses moet die skoolonderrig sodanig wees dat daar by die kind 'n lus geskep word om dwarsdeur sy hele lewe nuwe studieterreine te betree.

> "The reduction of even a bit of the world to order means exaltation of the self to power."[16]

Die aflê van 'n finale eksamen en die beëindiging van studies was vir Adamson die beëindiging van lewe in die ware sin van die woord.

In hierdie opsig is die beginsels waarop die leerplanopstelling berus belangrik en die gehalte van die leerplan sowel as die indeling van die leerstof 'n saak van geloof en metode.

Op sy aanpassingsweg moet die mens 'n bepaalde inhoud (die leerstof) en 'n bepaalde voorskrif (die metode) volg, terwyl die leerstofkeuse aan die beginsels van realisme, redelikheid, bruikbaarheid en sielkundige samehang moet beantwoord.[17] Die leerstof môet eerstens uit

16. Adamson: Externals and Essentials, 99.
17. Adamson: The Individual and the Environment, 63 tot 75.

die kind se tuisomgewing en op grond van sy voorskoolse kennis van die natuur gekies word, sodat hy deur eie ondersoek die natuur sal leer ken en sy belangstelling daardeur gaande gemaak en sy verbeelding geprikkel sal word.

Tweedens moet dit die kind se onwillekeurige belangstelling wek. Hiertoe moet die redelike nuutheid daarvan en die verband wat dit met die voorskoolse ervaring hou, bydra.

Derdens moet dit in verband met die lewe staan. Die kind moet op grond van sy voorskoolse ontwikkeling die nut of waarde daarvan vir sy lewe kan insien of aflei.

> "We may, then, select material for nature lessons by the human brand which it bears."[18]

In die vierde plek moet dit nie op grond van 'n logiese verband gekies word nie, omdat die logiese aanpassing eers later op die empiriese lewenservaring volg. Herbart onderskryf dieselfde sienswyse soos volg:

> "Do not forget interest among interesting things; classify not objects but <u>conditions</u> <u>of</u> <u>mind</u>."[20]

In die laaste plek is dit ook van belang dat die kind nie met uitgebreide besonderhede vermoei en lastig geval moet word nie.

> "..... wholes, individuals, types, are more appropriate than parts .....[21] Adjustment at this stage of transition means branding phenomena with the hallmark of personal possession."[22]

Die wetenskapkursusse moet dus so aangebied word dat die kind die fisiese heelal as eenheid kan waardeer.

> "Applying this principle we may assert that school science should subserve the adjustment of the individual to the universe as

18. Adamson: The Individual and the Environment, 66.
19. Ibid, 67.
20. Herbart: Science of Education, 132.
21. Adamson: The Individual and the Environment, 69 tot 70.
22. Ibid, 72.

> a sphere (a) of mechanical and physical energy, (b) of chemical reaction, and (c) of organic life and evolution. These are fundamental aspects and revelations of its individuality and a place should be found for all of them."[23]

Vakke soos handewerk, rekene en lees word deur Adamson in hierdie stadium van aanpassing as minder belangrik beskou.[24]

Benewens die vyf beginsels waarop die leerstofkeuse in die ryk van die natuur berus, moet daar in die ryk van die kultuur benewens beginsels ook nog op die inherente krag en invloed van die leerstof gelet word. So vind ons byvoorbeeld dat nasionaliteit 'n baie sterk saambindingsfaktor is omdat dit deur bloed, taal, gewoontes en tradisies tot die groep en die enkeling spreek.

Godsdiens is dermate die sterkste vesel van die sosiale organisme dat selfs bande van bloed, patriotisme en die marteldood dit nie kan oorheers nie, terwyl godsdiensonderrig al die ander leervakke ten grondslag lê en in die skole die aandag ten volle moet geniet. Daarvoor het hy voorsiening gemaak.

> "This religious test stands, and I hope it will ever stand, at the entrance to the teaching profession of this Colony."[25]

By die opstelling van die geskiedenisleerplan moet in die eerste plek die aard van die gemeenskapslewe, die ekonomiese verhoudings en die ontwikkeling van vryheid steeds in gedagte gehou word en moet die tydperk onder behandeling sover terug en vorentoe behandel word, dat 'n verklaring van die huidige daardeur gegee en die moontlikhede van die toekoms bepaal kan word. Tweedens moet die onderwerp vir behandeling so gekies word dat die sosiale lewe as eenheid aanvaar word en 'n logiese geheel vorm.

---

23. Adamson: The Individual and the Environment, 119.
24. Ibid, 72 tot 75.
25. T.O.D. Jaarverslag 1906, 9.

In die derde plek moet die leerstof die verbeelding gaande maak.

Deur taal en taalstudie, die raamwerk van die twee laaste ordes, word kennis verder uitgebrei en afgerond.

> "Only those facts are ours which we can clearly formulate in words..."[26]

Die beginsels waarop daar by leerstofkeuse in die geval van taal en letterkunde gelet moet word is onder andere:

(i) Leerplanvryheid wat 'n ruime keuse van leerstof sal toelaat:

> „Het is nodig in de eenvoudigste bewoordingen te zeggen dat deze leergangen slechts als tijpen en ter toelichten dienen en het is niet de bedoeling hoegenaamd iets weg te nemen van de vrijheid die de onderwijzers ..... tot nu toe genoten hebben."[27]

(ii) Nasionale lektuur moet steeds die uitgangspunt wees; dog daar moet teen enge nasionalisme gewaak word:

> "It is the music of humanity that echoes from the hill-tops of literature."[28]

(iii) Behalwe die huistaal moet daar voorsiening gemaak word vir een moderne taal, omdat dit tot 'n beter onderlinge verstandhouding sal bydra:

> "On the frontiers of the empire, as here in South Africa, the curriculum of life decides, in this respect, the curriculum of the schools."[29]

(iv) In Suid-Afrika moet alle blanke leerlinge die tweede taal deur taalonderwys aanleer sonder om hulle met die dorre bene van grammatikale fynighede, waardeur vorm en inhoud kunsmatig geskei word, te belas.

---

26. Adamson: The Individual and the Environment, 268.
27. Bepalingen en Leergangen ..... 1917, 5.
28. Adamson: The Individual and the Environment, 288.
29. Ibid, 289.

> "..... languages are to be 'treated not as lessons but as vehicles of speech.'"[30]

(v) Goeie vertalings moet in die plek van die oorspronklike Grieks en Latyn aanbeveel word, omdat die klassieke tale 'n bron van inspirasie is.

> "The real self must come out and reveal itself in broad daylight, frank and unashamed, in the literature and language lessons."[31]

Hoewel alle onderwys tog uiteindelik op die een of ander beroep uitloop, moet beroepsaanpassing eers na voltooiing van die laerskoolloopbaan in afsonderlike inrigtings, elk met 'n eie onderwysinhoud, geskied.

> "..... the vocational focus should be a long way ahead, almost out of sight, though both instruction and discipline should be convergent on it."[32]

want -

> "Our vocation is to live ...."[33]

By die behandeling van die beginsels waarop leerplanopstelling en die aanpassing aan die sedelike wêreld berus, moet die mag van beïnvloeding ook oorweeg word en daar moet bepaal word hoe die skool sy lede tot die skepping van 'n sedelike orde, met ander woorde karaktervorming, kan aanspoor.

> "Obviously the clue to this analysis is given us in the cognitive, affective or aesthetic, and conative or volitional elements out of which the texture of the moral continuum is woven."[34]

Deur die goeie gees en atmosfeer van 'n skool met sy reëls, gebruike, tradisies en ambisies, wat deur sedelike, estetiese en godsdienstige doelstellinge gekenmerk word, gaan empiriese kennis oor tot redelike kennis

---

30. Adamson: The Individual and the Environment, 294.
31. Ibid, 296.
32. Ibid, 250.
33. Ibid, 241.
34. Ibid, 330.

en word daar goed gebalanseerde persoonlikhede, elk na sy eie aard, ontwikkel.

> "A boy's moral growth depends upon his assimilation of the social influences of his environment, and ..... this assimilation is effected by his own activity....."[35]

> "..... Boy, dormitory, form, house, school, ideal world come to be linked together in a concrete moral universal ....."[36]

Daar sal ook afwykende gevalle voorkom waar die kind nie by die skoollewe en die skoollewe nie by die kind kan aanpas nie. Die invloed wat egter uitgaan van 'n skool as 'n sedelik-godsdienstige inrigting, geskied slegs wanneer die kind normaal is en in staat is om hom aan te pas.

> "He will consciously represent and sustain the school and the school will reproduce itself in him."[37]

Langs hierdie weg moet die laerskool hom dit ten doel stel om leerlinge met godsdienstige en sedelike beginsels op te lei, sodat die grondslag van die latere middelbare onderwys daardeur gelê kan word.

Omdat gewoontevorming sonder insig doelloos en insig sonder gewoontevorming waardeloos is, moet die georganiseerde kennisbronne in ooreenstemming met die vereistes van sedelike aanpassing gebring word en dien daar op die volgende leerplanvereistes gelet te word:

(1) <u>Die omvang</u>.

Die leerplan moet breed en omvattend opgestel word, sodat daar vir die beoogde minimum kennis van elke burger voorsiening gemaak word.

---

35. Bompas Smith: The International Report on Moral Instruction and Training in Schools. Volume I, 113.
36. Adamson: The Individual and the Environment, 335.
37. Ibid, 337.

> „De opvatting van een lagere kursus voor het gros en een middelbare kursus voor enkelen moet plaats maken voor de opvatting van een volledige kursus voor allen die er van kunnen profiteren."[38]

Voorts moet die kennis bestendig word:

> "As regards the curriculum .... I am entirely in favour of intensive rather than extensive teaching."[39]

Deeglike en intensiewe onderwys moet die doel wees en daar moet gewaak word teen die gewoonte om die maksimum kennis in 'n minimum tyd te probeer inpomp.

> "Another unsatisfactory result of this process of accretion by negation must be recorded. While the sum-total to be taught has grown, the time in which to teach it has not been correspondingly increased. The inevitable result has been mechanical and superficial work."[40]

(ii) Belange van die kind.

Die kind en sy belange moet steeds op die voorgrond gehou word, en aanmoediging en versterking van sy leergierigheid moet as van die belangrikste oogmerke van die opvoeder beskou word.

> "..... a balanced ..... curriculum should be like four windows in a square tower ..... science for the material order, history for the social, literature for the evaluation of their moral and aesthetic implications, and religion to suffuse them all."[41]

(iii) Die uitgebreidheid.

Die leerplan moet vir al die ondernemings van die skool voorsiening maak en daar moet veral voldoende leerstof en leiding vir karaktervorming verskaf word, want slegs deur die ontwikkeling van die ken-, gevoels- en wilslewe kan 'n ryker en voller lewe verwag word.

---

38. Bepalingen en Leergangen ..... 1917, 5.
39. T.O.D. Jaarverslag 1909, 30.
40. Ibid 1916, 10.
41. Adamson: Externals and Essentials, 102.

As die hele ervaringslewe van die kind bevorder en ten goeie beïnvloed moet word, dan moet die volgende oogmerke noodwendig die aandag geniet:

(a) Gesondheid, arbeidsbevoegdheid, goeie burgerskap en die besteding van vrye tyd.

(b) Die keuse, organisasie en aanwending van leerstof, sodat die leerlinge se kennis, gewoontes, lewenshouding en -beskouing so sal ontwikkel dat hul gedrag daardeur beskaafder sal word.

(c) Kinderbelangstelling wat in werklikheid die voorkeur bo geslag, toekoms, beroeps- en sosiale aangeleenthede behoort te geniet.

(iv) Aard en omvang.

Die leerplan moet verder in ooreenstemming met die vereistes van die bepaalde inrigting opgestel word. Vir laeronderwys moet daar byvoorbeeld afsonderlike leerplanne vir stedelike en plattelandse skole wees, terwyl daar volgens Adamson nie minder as sewe verskillende soorte kursusse vir middelbare onderwys moet wees nie.

> "A complete organization of school education beyond the primary stage would thus include:
>
> (1) general or high-school courses;
> (2) trades-school courses;
> (3) school-farm courses;
> (4) commercial courses;
> (5) domestic science courses;
> (6) urban technical courses; and
> (7) rural technical courses."[42]

(v) Staatsbeleid en die doel van onderwys.

Die leerplan moet, hoewel in ooreenstemming met die beleid van die staat, die opvoedkundige doel nie uit die oog verloor nie. In die verband is dit van belang dat tweetaligheid as 'n baie belangrike vereiste beskou moet word.

> „Men mag dus aannemen dat het leerplan, van het standpunt van de Staat beschouwd, de laagst wenselike ontwikkelingstrap voor zijn

42. T.O.D. Jaarverslag 1916, 13.

> burgers daarstelt. De inhoud ervan is het minste, dat elke toekomstige burger behoort te weten. Van het standpunt van de afzonderlike leerling omvat het, in de meeste gevallen, alles by wijze van verstandelik voedsel en verstandsoefening, wat hem ten deel valt gedurende zijn voorbereiding voor het later leven. Het mag selfs by hem opwekken belangstelling of tegensin, sympathieën of antipathieën, die hem heel zijn leven zullen bijblijven. Het is dus 'n dokument van 't hoogste gewicht, dat nauwkeurig onderzoek tot in de kleinste biezonderheden verdient. Het is 'n werktuig dat, zo niet onmiddellik, dan toch in werkelik verband staat met de toekomstige welvaart van de Staat, sowel als van z'n afzonderlike leden."[43]

(vi) <u>Navorsing</u>.

Die leerplan moet ook voorsiening maak vir eksperimentele werk:

> „De nieuwe bepalingen zijn bestemd om zover doenlik deze rekbaarheid aan de leergang te geven."[44]

Die leergange van laer- en middelbare onderwys verskil slegs op grond van die wyer omvang wat beoog word:

> „'n Leergang voor middelbaar onderwys verschilt in hoofzaak van 'n leergang voor lager onderwijs hierin, dat hij niet langer uitsluitend van voorbereidende en algemene aard is en even geschikt voor alle leerlingen; doch meer bepaald en definitief in verband staat met de toekomstige loopbaan van de leerling. Hij moet niet enkel op utiliteitsgronden gebaseerd zijn; ..... terzelfdertijd moet hij de ene of de andere richting volgen en of klassiek of modern, letterkundig of wetenschappelik zijn, of voorziening maken voor 'n beroeps- of handelsopleiding, naar gelang van de neiging en de toekomst van de leerling."[45]

Hierdie sienswyse is 28 jaar later nog deur hom onderskryf:

---

43. Lagere en Middelbare Scholen: Leergangen 1909, 1.
44. Ibid, 13.
45. Ibid, 13.

> „Die tyd van blote akademiese idees en ideale in die onderwys is tog sekerlik iets van die verlede. Ons wil natuurlik net soveel en net sulke hoë idees en ideale koester as wat moontlik is, maar ons wil hulle nie net vir 'n abstrakte akademiese en afgesonderde wêreld hê nie, maar vir die werklike alledaagse lewe."[46]

(b) <u>Leerplantegniek</u>.

Waar leerplanbeginsels die oog veral op die grondslae van leerplanopstelling het, daar benadruk leerplantegniek hoofsaaklik die wyse waarvolgens die leerplan opgestel moet word.

In 1909 het Adamson gemeen[47] dat die leerplan vir die openbare skole 'n georganiseerde leergang is wat deur alle leerlinge gevolg moet word. Hierdie leerplan moes enersyds aan die eise van die staat ten opsigte van die minimum kulturele opvoeding vir elke staatsburger en aan die van tweetaligheid en godsdiens voldoen en andersyds aan die beginsels van gesonde opvoedkunde onderhewig wees.

> "..... the curriculum of our public schools was too vital a matter to leave to the unrestricted judgment of individuals ..... (it) is not only a syllabus of instruction but it also embodies my views of the aims to be kept in view and the methods to be followed....... It should stand for many years as a directive instrument."[48]

Daarom moes daar vir die volgende metodes of tegnieke voorsiening gemaak word. Die onderwerpe van die onderskeie leervakke moet logies sowel as sielkundig op mekaar volg en daar moet vir voldoende selfwerksaamheid van die kant van die leerlinge gesorg word:

46. Adamson: Verslag oor 'n besoek aan vier skoolplase en twee sentrale skole, 1937, 11.
47. Adamson: Bepalingen en Leergangen ..... 1909, 1.
48. T.O.D. Jaarverslag 1909, 29.

> "And yet nature should be the focus of the curriculum at the primary stage...... the subjects which tend to loom so largely, and to occupy independent positions, ought to be subsidiary and mainly to adjustment of nature. Drawing and oral description as fixing this adjustment, reading as extending it, arithmetic and manual work as giving command over it, recitation and singing as contributing aesthetic warmth to it, all fall properly into a subsidiary and instrumental relation."[49]

'n Oorlaaide leerplan moet altoos vermy word:

> "As regards the curriculum itself, there is a feeling ..... that we are trying to do too much ...... I am entirely in favour of intensive rather than extensive teaching ..... and I hope that ..... the compulsory subjects, at least, can be efficiently taught."[50]

Leerplanne moet gereeld hersien word om in die vereistes van ontwikkeling en aanpassing te voorsien:

> "..... a code should be a developing thing, fitting the educational needs of the Colony as these progress."[51]

Samevattend kan gesê word dat Adamson sy stofkeuse in die ryk van die natuur tot werklikhede bepaal om die persoonlikheid van die mens te laat ontplooi. In die ryk van die kultuur laat hy die klem hoofsaaklik op die volgorde en die keuse van die leerstof val, terwyl sedelike ontwikkeling deur die etiese norme van die gemeenskap bepaal word. Daarom moet daar by die opstelling van die leerplan met hierdie vereistes ook van tegniese kant rekening gehou word.

Die Onderwyswet van 1907 het die nodige vereistes bepaal, dog daaraan kon nie voldoen word alvorens die nuwe leerplan in werking gestel was nie -

49. Adamson: The Individual and the Environment, 62.
50. T.O.D. Jaarverslag 1909, 30.
51. Ibid 1909, 29.

> "..... because it is clear that everything in the system is ultimately ancillary to the content of the education which the schools are to give."[52]

Terwille van deeglikheid het Adamson die hulp van klein benoemde komitees ingeroep om die kursusse vir die hoofvakke volgens neergelegde beginsels en voorgeskrewe wenke op te stel, terwyl hy amptenare van die onderwysdepartement op grond van hulle kennis met vakke soos naaldwerk en handwerk belas het. Hierdie komitees en amptenare het opdrag ontvang om die hulp van onderwysers en ander bevoegde persone in te roep. Daarna is die leerplanne aan die twee onderwysersverenigings voorgelê vir aanbevelings. Waardevolle wenke is van hulle ontvang. Ten slotte is die leerplanne deur die betrokke komitees en amptenare deeglik hersien en deur Adamson self nagesien.

> "I mention these details in order that it may be clear that this code represents the united wisdom of those best able to judge in this matter."[53]

3. LEERPLANTOEPASSING.

Vir die toepassing van 'n leerplan moet die opvoeder van bepaalde, geordende en gekeurde leerstof gebruik maak. So 'n taak vereis egter 'n wye studieveld, onder andere van wysbegeerte, etiek, sosiologie en sielkunde. Hierdie leerstof moet so gekies, georden en gerangskik word dat dit by die ontwikkelingspeil en die ervaring van die leerlinge aanpas, want net soos planne en spesifikasies nie bouery is nie, so is die leerstof ewe-eens nie die werkskema nie. Eersgenoemde is 'n opgawe van die selfwerksaamhede en ervarings van die leerlinge terwyl laasgenoemde die onderwyser se werkplan is, wat volledig opgestel behoort te wees met doel, leerstof, werksaamhede en 'n naamlys van die naslaanboeke.

52. T.O.D. Jaarverslag 1909, 28.
53. Ibid 1909, 29.

Dis een van die werksaamhede van die onderwysadministrasie om toe te sien dat aan die eise van leerplantoepassing voldoen word, deur voorsiening te maak vir gepaste werk en gelyke opvoedingsgeleenthede vir seuns en meisies en deur die nodige geld, uitrusting, voorrade, geboue en personeel te verskaf.

Die toesig oor leerplantoepassing geskied deur die administrasie, sy inspekteurs van onderwys, skoolhoofde en die personeellede van die verskillende skole. Almal wat belang daarby het moet oor die doel en grondbeginsels van die kursus saamstem, want leerplantoepassing is inderwaarheid 'n koöperatiewe onderneming waarin die navorser, sielkundige, sosioloog, wysgeer, opvoeder, skoolhoof, onderwyser en die administrasie elkeen sy bydrae moet lewer. Sommige belanghebbendes moet die boustowwe lewer, andere moet dit saamvoeg, en weer andere moet dit gebruik en toepas. Die gladde werking hiervan sal steeds deur die doeltreffendheid van die leerplan bepaal word.

(a) <u>Laeronderwys</u>.[54]

Hoewel die leerplan vir openbare laerskole die minimum ontwikkelingsvereistes bepaal, waaraan die burgers van die staat moet voldoen, behoort dit tog aan die leerlinge voldoende geleenthede te verskaf om hulle vir die latere lewe voor te berei en behoort die leerplan 'n voorskrif te wees wat die welvaart van die staat sowel as die van die afsonderlike lewe sal verseker.

Die verpligte agtjarige laerskoolloopbaan van die leerling vanaf sy sesde tot sy veertiende jaar is miskien te kort vir die invoering van 'n groot verskeidenheid van leervakke. Hierbenewens moet daar noodwendig tyd

54. Adamson: Raadpleeg: Inleiding leerplanne, 1909, 1914, 1923.

afgesonder word vir lees, skryf en eenvoudige berekeninge en vir die noodsaaklike ontwikkeling van die waarnemings- en onderskeidingsvermoë van die leerlinge. Hoewel hierdie standpunt nie deur almal gehuldig word nie, toon die leergange vir laerskole oor die hele wêreld tog 'n mate van ooreenkoms.

Die gedagte dat 'n letterkundige opleiding die enigste waardevolle is, het aanleiding daartoe gegee dat opleiding in die ondergeskikte en werktuiglike kunste soos lees en skryf, die voorrang bo die ontwikkeling van die oorspronklike en wesenlike sins- en verstandsvermoëns geniet het.

Dit is noodsaaklik dat almal 'n elementêre kennis van die aardrykskunde en geskiedenis van die wêreld moet opdoen en dit word algemeen aanvaar dat daar iets op skool gedoen moet word vir die ontwikkeling van juistheid, insig, vaardigheid en die ontwikkeling van die liggaam.

Die leergang moet dan volgens algemene mening vir die volgende voorsiening maak:[55]

(i) Opleiding in bepaalde werktuiglike kunste:

Waarneming, gevolgtrekking en oordeel.
Lees, skryf en berekeninge.

(ii) Opdoen van 'n sekere mate van kennis van die wêreld en van mense:

Kennis van die natuur, aardrykskunde en geskiedenis.

(iii) Onderrig in die eenvoudigste gesondheidsbegrippe en liggaamsontwikkeling deur middel van:-

Handearbeid met inbegrip van teken en naaldwerk en algemene gimnastiekoefeninge.

As hierby dan nog gevoeg word die godsdienstige en sedelike opvoeding wat die grondslag van alle opvoeding behoort te wees, skyn dit asof daar vir die beskikbare tyd voldoende werk voor hande is.

55. Adamson: Bepalingen voor ..... 1909, 2.

Dit sou egter ook onverstandig wees om hierdie vorm van die leergang, wat deur langsame ontwikkeling verkry is, ingrypend te wysig want dit sou die wese van die opvoeding raak.

Die oorlewering kan soms 'n gevaarlike rigsnoer wees, byvoorbeeld wanneer daar te veel waarde geheg word aan en klem gelê word op 'n suiwer litterêre opvoeding. Wanneer dit egter oor die eenvoudigste beginsels van geestelike en liggaamlike opleiding gaan, sou dit onverstandig wees om dit te verontagsaam.

Adamson se leerplan was geensins rewolusionêr[56] nie, omdat dit trekke van plaaslike en kenmerkende aard vertoon het en opgestel is ooreenkomstig die eienaardige nasionale toestande en ideale van Transvaal.

In die eerste plek word dit deur die besondere bepalinge in verband met die twee landstale weerspieël. Met die oog hierop is voorsiening gemaak vir skole met Engels as voertaal en Hollands as tweede taal en skole met Hollands as voertaal en Engels as tweede taal. Die taalkenniseise vir die tweede taal is in elke geval laer gestel as in die geval van die voertaal. Die leerplan het in die opsig die doel van die taalklousules van die onderwyswet probeer uitleef om 'n beter onderlinge verhouding tussen die twee rasse teweeg te bring.

In die tweede plek vertoon die geskiedenis en aardrykskunde van die land eienskappe van hul eie en dit was van die staanspoor duidelik dat hierdie leerstof 'n nasionale sowel as 'n algemene karakter moes dra.

Die Suid-Afrikaanse geskiedenis moes grondig bestudeer word, terwyl die geskiedenis van die Britse Ryk en Europese gebeurtenisse wat betrekking het op die verloop

56. Adamson: Bepalingen en Leergangen, ..... 1909, 22, 32, 39.

van gebeurtenisse in hierdie land, nie uitgesluit kon word nie. Die omvang kan soos volg saamgevat word:

(i) Verhale van historiese persoonlikhede uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

(ii) Suid-Afrikaanse geskiedenis en die ontwikkeling van die Britse Ryk vanaf die 16de eeu.

(iii) Die hoofgebeurtenisse uit die Europese geskiedenis wat betrekking het op die verloop van gebeurtenisse in Suid-Afrika.

(iv) Burgerkunde.

Die leergang in aardrykskunde het dieselfde doel beoog, naamlik die bydrae van vaderlandsliewende en goed ontwikkelde Suid-Afrikaners tot die ontwikkeling en vooruitgang van Suid-Afrika.

Wanneer aan die leerstof 'n plaaslike gepastheid en betekenis geheg word en die swaartepunt van belangstelling in Suid-Afrikaanse aangeleenthede lê, word die geleentheid aan die onderwyser(es) gebied om volksopbouende werk te verrig.

> „Er moet 'n Zuid-Afrikaanse geest uit alles spreken, maar in geen bekrompen zin."[57]

Die Suid-Afrikaanse kind behoort op die wyse met 'n gevoel van onderskeiding en trots in die vooruitgang van die twee groot blanke rasse wat Suid-Afrika bewoon en in die groei van die ryk waarvan Suid-Afrika 'n onderdeel is belang te stel. Hy behoort ewe-eens in die lig van wêreldgebeure die plek wat Suid-Afrika in hierdie ryk inneem te kan vasstel. Dan sal dit nie vir hom moeilik wees om te leer dat vaderlandsliefde deur grootmoedigheid aangevul kan word nie.

Omdat die kursus lank, uitgebreid en ingewikkeld is moet die onderwyser(es) bereid wees om te studeer en navorsingswerk te doen.

---

57. Adamson: Bepalingen en Leergangen, ..... 1909, 3.

„Nooit wordt door 'n onderwijzer beter werk geleverd, dan wanneer hij zelf studeert;"[58]

Gedurende die afgelope vyftig en meer jare het die eise om 'n meer praktiese rigting in die skoolopvoeding steeds dringender geword. Onder prakties moet in hierdie verband onder andere die volgende idees en ideale verstaan word:[59]

Eerstens die nuttigheidsleer, wat volgens Spencer in verband staan met natuurkundige waarhede en geleer word terwille van die nuttige kennis wat dit meebring.

Tweedens die ideale van hervormers wat die werkplek en die natuurwetenskap-laboratorium in die plek van die klaslokaal stel om die opdoen van kennis eerstehands en werklik te maak.

Onderwys is in die derde plek prakties insoverre dit die ontwikkeling van vaardigheid en die vermoë om te kan oordeel betref.

In die vierde plek is dit prakties indien die leerlinge daardeur vir hul latere beroepslewe voorberei word. In díe sin kan 'n kursus in moderne tale net so prakties soos 'n kursus in houtwerk of landboukunde wees.

Hervorming van die onderwys ooreenkomstig die vier bogemelde gesigspunte is van die grootste belang. As die eerste en die laaste sienswyses saamgevat word, dit wil sê die standpunt van die filosoof en díe van die man uit die volk, kan die stelling soos volg geformuleer word: Opvoeding is 'n voorbereiding vir die lewe. Dis die ontwikkeling van die vermoë om noukeurig, selfstandig en selfvertrouend te kan dink en dis die ontwikkeling en bevordering van liggaamlike vaardigheid en welsyn onderskeidelik.

58. Adamson: Bepalingen en Leergangen, ..... 1909, 4.
59. Ibid, 6.

Die leerplan van Adamson skiet in hierdie opsigte nie te kort nie en met die oog hierop en ten einde 'n deeglike studie van die natuur te maak is sy skool in drie afdelings of groepe verdeel. In die laagste afdeling geskied die ontwikkeling van die vermoë om waar te neem en te vergelyk deur 'n sorgvuldige studie van voorwerpe uit die natuur, terwyl die studie in die middelafdeling meer stelselmatig is en in die hoogste afdeling grondbeginsels die aandag geniet.

Sy leerplan is verder ook prakties deurdat dit 'n leergang vir handearbeid insluit, wat enersyds meer algemene praktiese opleiding vir alle seuns beoog en andersyds 'n voorbereiding vir die toekomstige loopbaan op die tegniese- en industriële skool is.

Hierbenewens moet alle meisies naaldwerk, alle leerlinge tekenwerk en in die groter sentra, alle meisies kookkuns leer.

Om aan die vereistes van praktiese onderwys te voldoen moet dit ook 'n plaaslike karakter dra. Met ander woorde praktiese onderwys is nie slegs 'n saak van leervakke nie maar ook een van metode.

Die lees-, leer- en rekenboeke met 'n eg Suid-Afrikaanse karakter was egter nog nie beskikbaar nie en die onderwysers(esse) moes op hulle hoede gewees het om sake wat buite die kind se waarnemings- en ervaringsgebied geval het te vermy.

Wat die opvoeding op die platteland betref, het die leerplan[60] ewe-eens voorsiening gemaak vir 'n praktiese opleiding deur die grondbeginsels van landbou as 'n vereiste voor te skryf.

Laeronderwys hou egter bepaalde gevare in, in

---

60. (i) Adamson: Bepalingen en Leergangen, ..... 1909, 6 tot 7.
(ii) Adamson: The Individual and the Environment, 264 tot 265.

weerwil van die beste leerplan tot die beskikking van die onderwyser(es).

Eerstens bestaan die gevaar dat dit nie voldoende voorbereidend kan wees nie, veral as die aard, grondbeginsels en doogmerke daarvan nie deur die onderwyser(es) duidelik begryp word nie. Hulle bly soms in gebreke om te begryp dat laeronderwys in 'n groot mate inleidend en voorbereidend van aard is en dat die doel van die onderwys meer op die moontlikhede van die toekoms as op die teenwoordige gerig behoort te wees. 'n Belangrike gevolg hiervan is dat die onderwys meganies en vervelend word.

> "It should always pre-suppose further education, and should never be limited to the cultivation of more or less complete proficiency in the elementary and merely instrumental arts."[61]

Omdat 'n geringe aantal van die laerskoolleerlinge 'n middelbare skool en nog 'n geringer aantal die universiteit later gaan bywoon, moet die onderwyser nie probeer om die verskillende leervakke af te rond of te voltooi nie. Dis as onderneming onmoontlik en om opvoedkundige redes verkeerd. Hy moet eerder die onafgebrokenheid en die voortsetting van die onderwys dwarsdeur die lewe aan sy leerlinge voorhou en hulle desnoods beïnvloed om die laerskool te verlaat met die begeerte om verder te studeer. Hulle moet nie van mening wees dat hulle leertyd ten einde gekom het nie.

Nadat Adamson tien jaar aan die hoof van sake as direkteur van onderwys gestaan het, kon hy met tevredenheid vasstel dat die afrondingsgedagte snel aan die verdwyn was.

> "It must disappear, of course, as soon as the higher conception of the continuity of education finds acceptance. Both the content and

---

61. T.O.D. Jaarverslag 1908, 26.

> the method of the primary course should leave a pupil with the impulse and the ability to go forward."62

Tweedens bestaan die gevaar dat die onderwys nie genoegsaam vormend kan wees nie en as daarteen gewaak word, sal die resultate beter en verreikender wees as selfs met die invoering van 'n nuwe leergang.

Ten einde duidelik te begryp wat die werklike oogmerk is, moet die leervakke van die laerskool in twee kategorië verdeel word, naamlik die werktuiglike- en die vormende.

'n Leervak is volgens Adamson[63] werktuiglik wanneer dit slegs 'n middel is om 'n doel te bereik en op sigself geen doel kan wees nie. Hiervolgens sou die leeskuns werktuiglik wees, omdat dit aangeleer word om kennis op te doen wat andersins onbereikbaar sou wees.

Wanneer die werklike doel van leesonderwys in die laerskool uit die oog verloor word, kom dit daarop neer dat die sleutel gepoets word in plaas van om dit vir die doel waarvoor dit bestem is te gebruik.

Dieselfde gevaar[64] bestaan ook in die geval van die skryfkuns. 'n Mooi handskrif is noodsaaklik maar daar moet nie soveel tyd daaraan bestee word, dat daar nie voldoende tyd oorbly vir oefening in die ordelike rangskikking en duidelike uiteensetting van gedagtes nie.

Spel, grammatika en 'n groot deel van rekene moet onder dieselfde afdeling gereken word, ofskoon daar met rekene 'n eie opvoedkundige doel beoog kan word.

Hierteenoor stel Adamson die vormende leervakke soos bybelgeskiedenis, geskiedenis, aardrykskunde, letterkunde en natuurkennis, wat die mens se gees versterk en

---


63. Adamson: Bepalingen en Leergangen, ..... 1909, 9 tot 10.
64. T.O.D. Jaarverslag 1906, 10.

voed. Hulle verskaf die geestesweefsel waaruit die persoonlikheid opgebou word, terwyl daar deur lees, skryf, spel, rekene, e.d.m. slegs waarhede wat in hierdie vormende vakke vervat is, bekom kan word.

Dit is in hierdie opsig dat daar wel geleentheid vir hervorming in die laerskole bestaan het, want die regte verband tussen die primêre of vormende leervakke en die sekondêre of werktuiglike leervakke is nie altyd in ag geneem nie en daar het 'n verkeerde begrip in verband met die regte tydsindeling bestaan. Daar is maar voortgeploeter om die beste resultate in die werktuiglike leervakke te bereik. Met ander woorde daar is na afronding gestreef.

Adamson het hierdie gevare in sy leerplanne probeer uitskakel deur die kind te leer om sy hande en oë vir toekomstige gebruik te oefen om die wêreld met soveel potensialiteite soos moontlik in te gaan.

Die hoeveelheidsverhouding tussen vormende en werktuiglike leervakke vir die verskillende standerds kan deur middel van die volgende grafiek voorgestel[65] word:




Die gedeeltes van die horisontale lyne wat links en regs van die diagonaal lê toon die hoeveelheid tyd aan

65. Bepalingen en Leergangen, ..... 1909, 10.

wat in die verskillende standerds vir die onderrig in die vormende en werktuiglike leervakke afgesonder moet word. Hiervolgens behoort, namate die leerlinge vorder, vormende werk toe te neem en die werktuiglike af te neem.

(b) <u>Middelbare onderwys</u>.[66]

Veel van wat omtrent die vereistes van die laer-onderwys gesê is, is van toepassing op middelbare onderwys, wat ewe-eens vir die lewe moet voorberei en dus ook meer vormend as formeel moet wees. Die praktiese oogmerke moet ook nie deur blote teoretiese boekgeleerdheid verdring word nie. Soos die laer- moet ook die middelbare onderwys bevry word van die opvatting dat dit eindonderwys is, want ontwikkeling hou ewemin op 18 as op 14-jarige leeftyd op en die middelbare skool moet hierdie waarheid dwarsdeur al die klasse handhaaf.

Dit is immers baie noodsaaklik dat die oorgang van die laer- tot die middelbare onderwys as 'n oorbrugging begryp moet word.[67] Om hierdie oorgang gemaklik en doeltreffend te laat geskied, moet daar 'n aaneenskakeling van leergange wees terwyl die oorgangsstanderd en 'n korrelasie van leergange belangrike vereistes moet wees.

Met betrekking tot die oorgangsstanderd is dit van belang dat daar nie eers in 'n te gevorderde stadium met die onderrig in middelbare leervakke 'n aanvang gemaak moet word nie. Om alle praktiese doeleindes moet daar met hierdie onderwys 'n aanvang gemaak word na die voltooiing van die vyfde standerd en wanneer die leerling nie ouer as 12 jaar is nie.

Na aanleiding van die beoogde korrelasie is die leerplanne van die laer- en die middelbare onderwys so

66. Adamson: Bepalingen en Leergangen, ..... 1909, 11 tot
67. T.O.D. Jaarverslae: 1906, 80 tot 86; en 1917, 62 tot 64.

opgestel, dat 'n leerling na voltooiing van standerd V bevoeg sal wees om sonder vertraging of steurnis na die laagste klas van die middelbare skool oor te gaan.

Dit is immers wenslik en ook opvoedkundig waar dat die laer- en middelbare skoolleerplanne so 'n mate van ooreenstemming moet toon dat daar voorsorg gemaak is vir matrikulante en ook vir nie-matrikulante, wat nog 'n tweejarige kursus moet voltooi voordat hulle op 14-jarige leeftyd die laerskool kan verlaat.

Die vordering van die skrander leerlinge mag egter nie terwille van die swakker leerlinge gestrem word nie, want hulle moet sonder steurnis of onderbreking in staat gestel word om die eindeksamen van die middelbare skool met welslae af te lê.

Verder was die gebruik nog in swang dat bepaalde leerlinge voorbereidende kursusse in standerd IV en standerd V aan die middelbare skole kon deurloop. Hierdie vergunning is toegestaan aan ouers wat 'n langer middelbare skoolkursus vir hul kinders begeer het. Adamson was egter op die gevare wat so 'n onbevredigende stand van sake kon inhou, heeltemal voorberei.

> „Het zal echter niet gedoogd worden, dat door deze regeling de eenheid van de lagere en middelbare stelsels verbroken wordt."[68]

Hierbenewens het die nuwe bepalinge[69] in verband met die middelbare skole 'n meer aanpasbare kursus verskaf. Hierdie reëling was van belang omdat die verskil tussen die laer- en die middelbare kursusse juis daarin gelê het, dat laasgenoemde nie uitsluitlik van 'n voorbereidende en algemene aard was nie maar meer bepaald in verband met die toekomstige loopbane van die leerlinge gestaan het en dus

68. Adamson: Bepalingen en Leergangen, ..... 1909, 12.
69. Ibid, 12 tot 13.

nie vir alle leerlinge ewe geskik was nie.

Waar Adamson in sy leerplan voorsiening maak vir 'n klassieke of moderne, 'n letterkundige of wetenskaplike, 'n beroepskundige of handelsopleiding, na gelang van die neiging en die toekomstige loopbane van die leerlinge, waarsku hy egter teen die rekbaarheid en buigsaamheid van die leerplan. Daarom het hy ook nie vir bepaalde tegniese of handelsvakke in sy middelbare kursus voorsiening gemaak nie, omdat daar volgens hom vir hierdie opleiding afsonderlike inrigtings[70] opgerig moes word.

In verband met die studie van tale bied Adamson se leerplan[71] 'n beter keuse tussen die klassieke en moderne tale aan. Onder die nuwe bepalinge was daar 'n keuse tussen Latyn en 'n derde moderne taal buite en behalwe Engels en Hollands. Die metode waarop moderne tale onderwys moes word het dan ook spesiale aandag geniet en voorskrifte[72] noodsaaklik gemaak.

Daar is verder 'n verskeidenheid van vakkeuses beide vir meisies en seuns aangebied. Vir eersgenoemde was daar onder andere 'n keuse tussen die leervakke gesondheidsleer, kookkuns, kunsnaaldwerk en tekene, terwyl naaldwerk 'n verpligte leervak was.

In 1916 kondig Adamson die ontstaan van 'n volledige tienjarige skoolleerplan vir alle standerds vanaf standerd I tot en met standerd X aan.[73] Dit was bepaald 'n nuwe ontwikkeling veral ten opsigte van die middelbare onderwys, wat voorheen volgens die eise van die eindeksamen van die middelbare skool verskaf moes word.

70. Adamson: The Individual and the Environment, 254.....
71. Adamson: Bepalingen en Leergangen, ..... 1909, 13-14.
72. Adamson: The Individual and the Environment, 267-298.
73. Leergangen voor de Voornaamste Vakken onderwezen op de Gewone Lagere Scholen en voor de Voornaamste Middelbare Leervakken, alsmede de Biezondere Middelbare Leergangen voor Handelsvakken en Huishoudkunde, 1917.

In die verband het Adamson hom oor leerplanvryheid soos volg uitgelaat:

> "My own view is ..... that school authorities should be free to develop school courses; ....."[74]

Hy vertrou dan ook dat hierdie leerplan veel sal bydra tot die aaneenlopenheid en gradering sowel as tot die noue verband tussen die laer- en middelbare skoolleerplanne.

Ter aanvulling is ook agt- en negejarige kursusse van meer tegniese aard ingestel om in die behoeftes te voorsien van daardie leerlinge wat nie die tienjarige kursus kon deurloop nie.

Die eerste ses jaar van hierdie kursus het die gemeenskaplike basis gevorm waarop alle verdere onderwys moes voortbou en om aan die middelbare skole nog meer vryheid te gee as wat hierdie kursus toegestaan het, het Adamson die volgende versekering gegee:

> "Proposals for alternative courses and changes of sequence for the last four years will be fully considered and authorized, if they appear likely to promote educational efficiency by giving the teacher freedom to develop his subject on his own lines."[75]

Hy was blykbaar heeltemal tevrede met die onderwystoestande ten gevolge van die invoering van hierdie nuwe leerplanne; daarom het hy hom in sy samevatting daarvan soos volg uitgelaat:

> "In the organization of curricula we can claim to be up to date. All the inspectors testify to the effective working of the new country-school curriculum, and the courses for town schools, both general and technical, have been recast and should secure the development of the work of all classes of schools on sound lines."[76]

---

74. T.O.D. Jaarverslag 1916, 22.
75. Ibid 1916, 24.
76. Ibid 1916, 60.

Aan die einde van 1921 het die Uitvoerende Komitee besluit om op die Rand en in Pretoria 22 skole toe te laat om vir een of twee jaar na-primêre onderwys te verskaf. Hierdie skole, wat intermediêre skole genoem is, sou 'n breër opvoeding aan daardie leerlinge verskaf wat hulle nie vir die eindeksamen van die middelbare skool voorberei het nie. Die leerplan het die volgende leervakke ingesluit:

(i) Die twee amptelike tale.
(ii) Handwerk vir seuns en huishoudkunde vir dogters.
(iii) Wetenskap.
(iv) Matesis en tekene wat uit handwerk en huishoudkunde ontstaan het.
(v) Geskiedenis.
(vi) Aardrykskunde.

> "Religious and moral instruction, as the foundation of all school work, is, of course, included."[77]

Die instruksies het verder bepaal dat sentimente soos groepsbewustheid, groepstrots en groepslojaliteit op alle moontlike maniere versterk moet word en dat volle gebruik van groepsaktiwiteite soos spele, verenigingslewe, koorsang, besoeke en uitstappies gemaak moet word. Van die werklike skoolure per week moes 1½ uur aan die twee tale, geskiedenis en aardrykskunde, 8½ uur aan die praktiese leervakke en 4 uur aan die groepsaktiwiteite gewy word.[78]

Hierdie toegewing het 'n nuwe rigting aangedui en sou volgens die opvattings van hervormers soos Dewey en Kerschensteiner die werkswinkel en die laboratorium in plaas van die klaskamer gebruik om die skoolwerk aan te bied en die persoonlikheid en indiwidualiteit te ontwikkel. Hierdie skole het egter in vergelyking met die gewone hoërskole oor heelwat minder onderwysgeriewe[79] beskik en die algemene ontwikkeling is daardeur in so 'n mate gestrem

77. T.O.D. Jaarverslag 1922, 14.
78. Ibid, 13 tot 15.
79. Ibid 1923, 50.

dat die Transvaalse Onderwysdepartement reeds in 1924 'n kommissie moes aanstel om die leerplanne te hersien.

(c) Tegniese-, ambags-, voortsettings- en landelike onderwys.

Die onderwysvoorsiening onder hierdie hoofde moes enersyds die laer- en middelbare onderwys aanvul en andersyds dien om 'n mate van beroepskundigheid in die hand te werk. Die Transvaalse Onderwyswet van 1907 het onder andere vir hierdie aanvullende praktiese onderwys voorsiening gemaak,[80] sodat die kind op die platteland nie in onkunde omtrent die verbouing van die grond, die gebruik, hantering en herstel van plaasgereedskap sou verkeer nie, terwyl die kinders in die stede en die industriële gebiede hoofsaaklik deur middel van tegniese en ambagsonderwys[81] vir hulle toekomstige loopbane voorberei kon word.

Die ontwikkeling van industriële, tegniese en handelsonderwys in Transvaal was met die totstandkoming van die Unie nog maar van onsekere omvang en in 1925 was daar nog maar net vier industriële skole.[82] Omdat die ontstaan van beroepsonderwys aan die moeilike ekonomiese toestande en armoede van 'n groot deel van die bevolking toegeskryf moes word, was beroepsinrigtings nie juis gewild nie.

Die vooruitgang van hierdie inrigtings was dan ook so langsaam dat slegs 19 staats- en 23 staatsondersteunde inrigtings op 1 April 1925, hoofsaaklik om finansiële redes, onder beheer van die Unieregering en die drie

80. (i) Hoofstuk IV, 24 en 25.
(ii) Sien ook (a) Ordonnansie No. 7 van 1903; en (b) Mansvelt se Onderwyswet No. 8 van 1892, G, art. 43 tot 45.
81. (i) Ordonnansie No. 3 van 1903.
(ii) Verslag van Kommissie insake Tegniese en Beroepsonderwys - U.G. 65, 1948, 1.
82. 1 elk te Potchefstroom, Pretoria, Boksburg en Johannesburg.
83. T.O.D. Jaarverslag 1924, 6 tot 9.

hoërhandelskole in 1926 onder dieselfde beheer geplaas is.[83]

Wat beroepskundige leerplanontwikkeling betref het hierdie onderwys vir die meer praktiese, beroepskundige of tegniese rigtings soos die nywerhede, die ambagte, die handel en die landbou voorsiening gemaak. In 1917 is 'n nuwe leerplan wat eintlik die rigting van toekomstige ontwikkelings moes aandui ingevoer.[84]

Op die gewone laerskole sou tegniese onderrig vir seuns in verband met tuinbou op die platteland, hout- en metaalwerk op die dorpe en kookkuns en naaldwerk vir dogters egter nog voort bly bestaan. Vir 'n meer gevorderde kursus kon leerlinge daarna die paar tegniese of ambagskole bywoon.

Behalwe dat handewerk op skool 'n moontlike voorbereiding vir 'n lewensnering bied, is Adamson daarvan oortuig dat dit veral in die karaktervorming van die adolessent 'n belangrike faktor is.

> "Manual work is to the character not unlike what fresh air is to the body."[85]

Van die paar ambagsinrigtings waar leerlinge hulle vir die een of ander beroep kon bekwaam, het die ambagskool op Potchefstroom met sy groep weeskinders die beste resultate gelewer, terwyl die voortsettingsklasse in Pretoria en Johannesburg in vergelyking met die dagklasse wat 'n kwynende bestaan gevoer het die beste aan hulle doel beantwoord het. Die hoogste tegniese onderwysgeriewe is egter deur die „South African School of Mines and Technology," die latere Witwatersrandse Universiteit, wat ook ruimskoots voorsiening gemaak het vir voortsettingsklasse, verskaf.

---

84. T.O.D. Jaarverslag 1917, 68.
85. Ibid 1910, 71.

Na aanleiding van die leerplanontwikkeling van praktiese landbouonderwys moet daar verwys word na Adamson se standpunt van 1912 in verband met skoolplase, wat eers na sy ampstermyn en wel in 1934/35 tot stand gekom het. In 1937 het hy op spesiale uitnodiging vier skoolplase en twee sentrale skole besoek en hom soos volg oor die doel van eersgenoemde inrigtings uitgelaat:

> „Die skoolplaas behoort 'n opleidingsinrigting vir die plaaslewe en boerdery-beroep te wees en niks anders nie."[86]

Hy meen dat die leerplan van die skoolplaas eintlik meer as die van die gewone middelbare skool moet insluit. Die kind moet daar ook die edelheid van handearbeid deur 'n veelsydige en breë kultuur geleer word. Voorts moet daar 'n noue verband tussen die teoretiese werk en die praktiese veldwerk bestaan. Adamson het sy opmerkings wat 19 bladsye beslaan het, met tevredenheid afgesluit:

> „Oor die geheel kan mens met vrymoedigheid sê dat hier bloeiende sentrums is ....."[87]

Die groot hindernis in die ontwikkeling van praktiese, tegniese, landelike en ambagsonderwys was altyd die gebrek aan die nodige fondse, want dit het noodwendig aparte inrigtings geverg, terwyl die toerusting duur was en die nodige personeel nie altoos beskikbaar was nie. In die Adamsontydperk is daar dan ook nie veel meer gedoen nie as die aanduiding van die rigting waarin dit moes ontwikkel.

(d) <u>Nie-blanke onderwys</u>.

Die onderwys aan nie-blankes is aanvanklik deur

86. Adamson: Verslag oor besoek aan vier skoolplase en twee sentrale skole, 1937, 11.
87. Ibid, 19.

verskeie sendinggenootskappe[88] behartig. Hulle het onder sekere voorwaardes staatstoelaes ontvang en onder beheer van die superintendent en die inspekteurs van onderwys gestaan.

Die grondbeginsels van Engels praat, lees en skryf, syferwerk en ander elementêre werk tot op 'n standerd III-peil was min of meer die inhoud waaruit hierdie onderwys bestaan het. Verder is 'n noue verband tussen handewerk en gewone skoolonderrig aangemoedig. Die nieblankes het egter minder waarde aan nywerheidsonderrig as aan letteronderwys geheg.

Die Smutswet het voorsiening gemaak vir aparte skole vir die kleurlinge en Indiërs,[89] wat aan die sorg van blanke onderwysers toevertrou was en dieselfde leergange en standerds as die blankes gevolg het.

In 1916 is die kleurlingskole op dieselfde manier as blanke skole gegradeer en beter diensvoorwaardes is toegestaan.[90]

> "..... the course of instruction is the same as in schools for white children."[91]

In 1913 is aan die Indiërgemeenskap, wat hulle daarvoor beywer het, skole van hulle eie toegestaan.

> "Differences of language, religion, and nationality led to proposals from the Indian community for the establishment of a separate school for Indians."[92]

Indiëronderwys het in die vyf jaar vanaf 1919 tot 1923 van een skool met 246 leerlinge tot vyf skole met 601 leerlinge aangewas.

---

88. Hermansburgse, Berlynse en Sweedse Sendinggenootskappe en die Wesliaanse-, Metodistiese, Anglikaanse, Nederduits Gereformeerde, Presbiteriaanse, Kongregasionele, Baptiste en die Roomskatolieke kerke.
89. Artikels 28 en 29.
90. T.O.D. Jaarverslag 1916, 53 tot 56.
91. Ibid 1909, 36.
92. Ibid 1912, 95.

Staatsondersteunde naturelle-onderwys het nog hoofsaaklik in die hande van die sendinggenootskappe gebly, omdat die Transvaalse Onderwysdepartement huiwerig was om skole vir naturelle in sektariese en nie-sektariese in te deel.

Aanvanklik het die sendingskole ook aan industriële onderwys die nodige aandag geskenk:

> "With the men this takes the form of field work and rough carpentry and masonry suitable for native requirements; the women are trained in needlework and household occupations."[93]

In 1909 het Adamson egter die volgende daaromtrent te sê gehad,

> "It is to be regretted that so little attention is given to manual and industrial work in the mission schools."[94]

terwyl hy gunstig na die weefwerk en mandjiesvleg in die Sweedse sendingskool verwys het.

Die vordering van skrif en spel, wat meesal uit reproduksiewerk bestaan het, was redelik goed, sang goed en liggaamsoefeninge uitstekend, terwyl leervakke wat 'n mate van intelligensie vereis, soos rekene en lees, gewoonlik minder goed was. Die aankweking van werkgewoontes en handewerk self het nog veel te wense oorgelaat, soos dit inderdaad die geval was met die algemene vordering van die skole.

Dit was dan ook duidelik dat die grondslag waarop naturelle-onderwys berus het, gewysig moes word en in 1915 is die naturel se opleiding in ooreenstemming met sy eie behoeftes, aspirasies en ontwikkelingspeil gebring.

In die nuwe leerplan is onderskeid gemaak tussen

---

93. T.O.D. Jaarverslag 1908, 30.
94. Ibid 1909, 37.

„opleiding" en „onderrig." Opleiding wat as die belangrikste oogmerk beskou is, het die godsdienstige, sedelike, liggaamlike, maatskaplike en industriële ontwikkeling ingesluit. Onderrig as sodanig is vereenvoudig en die kode is gesuiwer van alles wat meer bepaald betrekking op die onderrig van blankes gehad het. Onderrig sou voortaan gedurende die eerste drie skooljare uitsluitlik in die moedertaal geskied, terwyl Hollands of Engels vanaf die vierde jaar ingevoer is.[95] Aan taalstudie moes voortaan minder tyd bestee word terwyl lees en skryf, wat as baie belangrik in die moedertaal beskou is,[96] tot óf Hollands óf Engels beperk is.

Sedert 1919 het die naturelle voorkeur aan staatskole, wat vry van kerklike beheer was, bo die sendingskole gegee.[97]

In 1920 moes die direkteur egter melding daarvan maak dat die opleiding as sodanig minder tot sy reg gekom het as die werklike onderrig.

> "In the curriculum prescribed for these schools, training - physical, industrial, hygienic, and moral - occupies a prominent place. In the great majority of schools themselves it appears to be either ignored altogether, or to be so neglected as to be a mere travesty of the intention. Of the instruction given - the three R's mainly - an equally poor account is given by inspectors, save in the case of a few of the larger schools."[98]

Ter verbetering van die toestand het hy voorgestel dat daar meer simpatiek opgetree moes word, dat die sendinggenootskappe beter geboue, meubels, ens. moes verskaf en dat die staatstoelae verhoog moes word. Voorts

95. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 155.
96. T.O.D. Jaarverslag 1915, 42 tot 48.
97. Ibid 1919, 34.
98. Ibid 1920, 63.
99. Ibid 1920, 61 tot 64.

het hy beter opleiding aan onderwysers en verpligte vakansiekursusse vir diensdoende onderwysers aanbeveel. Hy het gemeen dat sentrale openbare skole die afsonderlike sendingskole in statte en lokasies moes vervang en dat slegs opleiding verskaf moes word. As die toestand nie verbeter nie, het hy voorgestel dat die toelae weerhou moes word.[99]

In 1922 is daar ooreengekom dat die Unieregering vir uitbreiding en verbeterings en die Provinsiale Raad vir die lopende uitgawes, op die basis van die 1921-22 uitgawes, verantwoordelik sou wees.

4. KRITIESE BESKOUING.

Toe Adamson sy diens as onderwysdirekteur in die Transvaal onder Britse verteenwoordigende bestuur aanvaar het, was daar feitlik geen sprake van die bestaan van 'n nasionale onderwysstelsel nie. Die C.N.O.-beleid van die Krugertydperk het nie in die smaak van die nuwe bewindhebbers geval nie en gevolglik moes Adamson van meet af aan begin. Pas twee jaar na sy diensaanvaarding het Verantwoordelike Bestuur onder generaal Botha tot stand gekom en moes die onderwysstelsel volgens die Onderwyswet van 1907 gevorm word.

Een van die belangrikste en daarby nie die maklikste taak nie waaraan Adamson sy aandag moes skenk was die opstelling van geskikte leerplanne ooreenkomstig die bepalinge van die nuwe wet. Sy werk is verder bemoeilik deur 'n gebrek aan die nodige onderwysgeriewe en verskeie tekortkomings in verband met die onderwyspersoneel.

Met sy eerste leerplanne[100] het hy dan ook baanbrekerswerk verrig. Die bepalinge maak vir elf verpligte skoolvakke en drie ander vakke voorsiening, terwyl 'n kommissie, wat uit predikante bestaan het, 'n leerplan in

100. Adamson: Bepalingen en Leergangen, ..... 1909.

bybelgeskiedenis onder sy leiding moes opstel.[101] Hierdie leerplanne is verder van die nodige voorligtings en bepalinge vir die leiding van onderwysers(esse) voorsien.[102]

Hierdie leerplan is later in die loop van Adamson se 19-jarige ampstermyn deur verskeie ander leerplanne opgevolg.[103] Verder het tegniese, ambag- en handelskole, voortsettingsonderwys en normaalkolleges steeds sy aandag geniet.[104]

Om studie as 'n lewenslange belangstelling en as 'n lewensgewoonte by sy leerlinge te laat aankweek het hy die studieveld in 'n natuur-, 'n kultuur- en 'n sedelike orde ingedeel en sy leerplanne so opgestel dat daar gaandeweg 'n aanpassing aan hierdie drie ordes sou geskied. In hierdie opsig was hy die kampvegter van 'n veelsydige opvoeding en sy belangrikste opvoedkundige oogmerk was dat die natuurmens sedelik gevorm moes word. Met die oog hierop het hy die leervakke vir elke orde geklassifiseer en hul betekenis in die aanpassingsproses aangetoon. Waar die invloed van leervakke te kort geskiet het, het hy die hulp van die skool wat deur die regte gees en omgewing tot die sedelike vorming moes bydra, ingeroep.

> "A good school provides an atmosphere in which the ideal sparks which smoulder in the minds and hearts of all healthy boys and girls can burst into flame."[105]

Om hierdie godsdienstige en sedelike vorming verder uit te bou het hy die beginsels waarop leerstofkeuse berus, die omvang en indeling van die leerstof, die

---

101. Adamson: Bepalingen en Leergangen, ... 1909, 19 tot 21.
102. T.O.D.Jaarverslag 1909, 28 tot 30.
103. Bepalingen en Leergangen voor Plattelandse Scholen,191
Bepalingen voor Lagere Scholen voor Blanke Kinderen, 1914.
Leergangen voor de Voornaamste Vakken ....., 1917.
Bepalingen en Leergangen voor Buitenscholen, 1918.
Bepalinge vir Laerskole vir Blanke Kinders - (dorpskole) ..... en Intermediêre Skole, 1923.
104. Leerplan vir Tegniese Onderwys, 1917.
105. Adamson: Externals and Essentials, 48.

noodsaaklikheid van beroepsaanpassing en die nut van praktiese werk volledig beskryf en gedurig beklemtoon. Onderwys was vir hom nie 'n saak van afronding nie maar wel een van gedurige vorming, karakterontwikkeling en die opdoen van kennis, wat 'n skeppende persoonlikheid[106] beoog het. Die ideale leerplan behoort aan hierdie aanpassingsvereistes te voldoen en vir die lewe voor te berei. Dit moet rekbaar genoeg wees om aan die lewens- en beroepskundige eise te voldoen.

As Direkteur van Onderwys het die Transvaal in Adamson 'n opvoedkundige wysgeer gehad en hy kon hom van die sleurgang van administratiewe verstrikking losmaak om sy volle aandag aan die opvoedkunde en onderwys te wy, in watter opsig hy hom dan ook met onderskeiding van sy taak gekwyt het. Sy opvoedkundig-filosofiese lesings en geskrifte, sy leerplanne en sy jaarverslae waarin hy die een of ander gesigspunt van die onderwys breedvoerig bespreek het, het weliswaar veel bygedra tot die ontwikkeling van beide die teoretiese en die praktiese onderwys in hierdie provinsie. Wie maar die moeite wil doen om die omvang van sy bemoeiings in hierdie opsig na te gaan sal ryklik beloon wees.

Met onvermoeide ywer, geesdrif en belangstelling het die laer-, middelbare, praktiese, tegniese en hoëronderwys, normaalkolleges en die opleiding van onderwysers beurtelings en met eweveel bekwaamheid sy aandag geniet. Die betekenis hiervan in die wordingsjare van onderwys in Transvaal kan nie oorskat word nie veral as in aanmerking geneem word dat hy dikwels met moeilike ekonomiese toestande, met binne- sowel as buitelandse omstandighede wat die normale werking van die staatsmasjien noodwendig moes

106. Adamson: The Individual and the Environment, 314.

vertraag, te kampe gehad het.

Dit alles kon sy geesdrif nie demp en sy opvoedkundige belangstelling nie versteur nie, want hy het die onderwys met slaafse getrouheid gedien.

> "The essence of education is variety and individuality. A child, a school, an inspector's circuit, a school board district, and a province, should have individuality, real and vital; and should guard and develop it. Rigid uniformity of method and of organisation ..... is the deathknell of sound education."[107]

107. Adamson: South African Journal of Science, September 1916.